



**Jaargang 15 no 10**  
Oktober 2006

## **Tema: Seksualiteit**

- **Seks is 'n kaal woord 2**
- **Seksualiteit in die huidige Afrika-konteks ...4**
- **Internet seks .....7**
- **Die anatomie van pornografie .....8**
- **Hooglied .....10**
- **Eggenotes praat oor seksualiteit .....13**
- **Seksualiteit en die jong kind .....14**
- **Word vervul met die Gees (2) .....16**
- **Gesin, kerk en skool (of nie) .....19**

## **SKAAMTE**

Dit is nou weer een van daardie dinge waarvan ons maklik kan dink almal weet presies wat dit is, totdat jy daarvoor begin praat (of skryf!). Dan kom jy agter dat dit oor veel meer en dikwels oor iets totaal anders as die seksuele gaan. Ek herinner my nog heel goed wat een van my tantes 'n keer vertel vanuit haar ervarings as verpleegsuster. Op 'n onvanpaste oomblik het sy in die hospitaalkamer van 'n manlike pasiënt ingestap. Hy, sonder 'n draad klere aan, het hom geskaam en kon niks beter doen as om sy handdoek voor sy gesig te hou nie. Daar het u dit! Skaamte laat 'n mens jou gesig bedek! Hy wat hom skaam, kry 'n rooi gesig! Jy weet nie wat om met jouself voor ander te doen nie.

Skaamte het te doen met die manier waarop jy kyk of aangekyk word. Skaamtebesef kan verseker nie beperk word tot die seksuele ervaring daarvan nie. Wanneer Adam en Eva bewus word van hul "naaktheid", beteken dit nie dat hulle seksualiteit vir die eerste keer ontwaak nie! Asof hulle voor die sondeval nie van hul seksualiteit of die prikkelbaarheid daarvan bewus sou wees nie! Só lees mense dikwels die vertelling oor Adam en Eva. Adam en Eva sou eers 'n naïewe vorm van seksualiteit geken het. Seksuele hartstog word in hierdie weergawe natuurlik dan die gevolg van die sondeval. Die gedagte dat erotiese spanning nie deel was van Adam en Eva se prelapsariese (voor die sondeval) ervaring nie, is meer mite as feit.

Deel van die feit dat man en vrou na die sondeval van die Here klere kry om te dra, sou daarmee te doen hê dat hul skaamte (geslagsdele) bedek kon word. Die Bybel vra egter geen spesifieke aandag daarvoor nie.

Skaamte gaan oor veel meer. Vanaf die begin was man en vrou bedoel om vrugbaar te wees, een vlees te wees; het hulle tot mekaar aangetrokke gevoel (Gen 2:23) en was hulle naak by mekaar. Wat eers nie daar was nie, kom deur die sonde. Die skaamte kry 'n plek in God se skepping. In Genesis gaan skaamte oor die vervreemding wat daar plaasgevind het tussen man en vrou. Hierdie vervreemding kom daarvan dat hulle "oë geopen is". Hulle word "wyser". Hulle word soos God. Maar anders as wat die slang te vertelle gehad het, bring dit vir hulle geen geluk nie. Adam en Eva besef nou wie hulle voor mekaar is – hulle word nou blootgestel aan die ander se "wetende" kyk. Dit alles word te veel vir hulle.

Bedekking het nodig geword. Daarom die kleding. Nie in die eerste plek as versiering of openbare sede nie. Met die kleding word 'n grens getrek in die onderlinge omgang met mekaar. 'n Grens vir jouself en die ander. Kleding skerm my af van die alleswetende blik van my naaste. Ons hoef nie alles van mekaar te weet nie, want dit is net vir God beskore. Ons moet met ons kleding mekaar help om nie te probeer God wees nie.

Ds E Viljoen

# SEKS IS 'N KAAL WOORD

Ds E Viljoen

## TEMA: SEKSUALITEIT

**Ons leef in 'n tyd en samelewing waar seksualiteit deur talle mense beskou word as 'n gebruiksaartikel. Dit is iets wat nie alleen geniet kán word nie, maar selfs deur almal wat wil, geniet móét word. Elkeen het blykbaar die reg daarop. Seksualiteit word bekyk vanuit die perspektief as 'n basiese lewensdrang of -lus. Soos wat 'n mens 'n basiese drang na voedsel, beskerming en veiligheid het vir sy oorlewing, só is seksualiteit 'n basiese lewensdrang waaraan met genot en vryheid uiting gegee móét word.**

### **Kaal woord**

Die manier waarop die liggaamlike omgang tussen man en vrou dan ook heel kort as “seks” beskryf word, is tiperend van hierdie verbruikersmentaliteit. Die woord wil heel kort verwoord dat 'n natuurlike drang uitgeleef word. Van liggaamlike eenwording tussen 'n man en vrou in 'n huweliksverhouding waar uitdrukking gegee word aan hulle wedersydse liefde, kom min tereg in so 'n besonder kaal woord. Seksualiteit word versmal tot 'n drang en 'n daad.

Wanneer die uitleef van ons seksualiteit losgemaak word van die huweliksverhouding tussen man en vrou, word dan ook al te dikwels daarvan uitgegaan dat die mens eers as méns tot sy reg kom, wanneer hierdie natuurlike drang uitgeleef word. Met groot klem word daar byvoorbeeld gepraat van die “homofiele mens”. Hier word 'n mens gedefinieer in terme van sy seksualiteit. Juis omdat mense se seksualiteit gesien word as wesenlik tot hulle mens-wees, mag hierdie seksualiteit nie ingeperk word nie. Wanneer die mens in sy “natuurlike” seksuele oriëntasie

beperk word, word die persoon in sy mens-wees aangetas. Die uitleef van die natuurlike seksuele drang wat tot die huwelik tussen man en vrou beperk word, word deur baie beleef as 'n inperking en belemmering van die persoon se natuurlike mens-wees.

In die algemene verdediging van homoseksuele praktyke, word daar op hierdie manier gepraat oor die “mens-wees” van die homoseksuele persoon. Asof 'n mens eers mens is en tot sy reg kom, wanneer ons seksualiteit uitgeleef kan word! Die uitgangspunt oor *alle* vorme van beleving en uitleef van seksualiteit is dat dit fundamenteel is vir 'n persoon om tot sy reg as mens te kom – die mens *is* 'n seksuele wese! Seksualiteit word hier in sy breedste verstaan gebruik in onderskeid van erotiek wat ek sou wou gebruik om die liggaamlike uitdrukking van hierdie seksualiteit te beskryf.

### **1 Korinthiërs 7**

Dit sou spreek van skynheiligheid indien ons heteroseksualiteit tot die wesenlike van die mens-wees van 'n persoon wil laat behoort, terwyl ons dit met 'n beroep op die Skrif veroordeel in 'n persoon met 'n homoseksuele oriëntasie. Ons moet wil luister na wat die Here in sy Woord oor *alle* vorme van seksualiteit sê. Ons leef in 'n tyd waarin Eros haar reg en heerskappy oor ons lewens met 'n byna gewelddadige volgehoudenheid oor ons lewens wil uitoefen. Intussen praat die Skrif heel anders oor die plek van seksualiteit in die lewe van die gemeente van Christus. Teenoor 'n kultuur wat 'n groot deel van ons mens-wees verstaan in terme van ons uitlewing van ons seksualiteit, kom die woorde van die apostel

Paulus werklik oor as 'n woord van buite ons wêreld: ‘Dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie.’

Hierdie woorde van die apostel is 'n verdere uitwerking van die bevrydende boodskap waarmee 1 Korinthiërs 6 eindig, dat ons nie aan onself behoort nie. Die gemeente is geroep om nie diensknegte van hul “natuur” te wees nie, maar veel eerder diensknegte van God. “Roeping” staan teenoor “natuur” byna as 'n totaal vreemde woord vir talle. Ongelukkig selfs vir baie wat hulself versier met die naam “Christen”. Roeping beteken dat ons met ons hele mens-wees (dus ook met ons seksualiteit!) 'n *taak* en *opdrag* gekry het. Dat dit goed is vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie, is waar omdat ons liggame in die *eerste* plek tempels van die Heilige Gees is. Ons het ons liggame “*van God*” en nie as geskenke van mekaar en vir mekaar nie. Ons behoort nie aan onself nie, daarom is dit so gepas om heel goed te luister wat die Eenaar oor ons seksualiteit te sê het. Ons is duur gekoop met die bloed van Christus en geen bruidskat wat 'n rol mag speel in 'n huwelik oortref daardie skat in waarde en aanspraak nie!

### **God vereer in ons liggame**

God moet in ons liggame verheerlik word. Ons mens-wees word nie verstaan en verklaar vanuit ons seksuele gemeenskap nie, maar vanuit die *inwoning van die Gees* in ons. Die inwoning van die Gees is allesbepalend vir ons mens-wees. Ons is nie eers waarlik mens wanneer ons liggame aan 'n ander mens behoort nie. Dit is nie waar wat die poplied uit die 1970's wou verkondig nie: “Heaven is my woman's love”. Die hemelse vreugde is juis die ononderbroke

gemeenskap met die Here God wanneer ons in liggaam en gees die heerlijkheid van God afstraal.

Het ons hiermee nou weer 'n nuwe pleitrede gekry vir die selibaat en 'n minagting van die seksualiteit? Verseker nie. Ons probeer net duidelik maak dat beleving van ons seksualiteit geen onmisbare saak is om mens van God te kan wees nie. In 1 Korinthiërs 7 word seksuele onthouding *binne* die huwelik ook *nie* as die ideaal voorgelê nie! Teenoor die verseksde kultuur van ons tyd wat die beleving van seksualiteit as goed en selfs as byna onmisbaar voorhou, wil ons vanuit die Woord van die Here laat hoor: "Dit is goed as 'n man nie 'n vrou aanraak nie". Waar die getroude lewe, die uitleef van seksualiteit verabsoluteer word, is dit goed om te hoor dat die Skrif voorhou ons laat sien dat die ongetroude lewe geensins as minderwaardig beskou kan word nie. Die Here het selfs 'n goeie woord daarvoor te sê! Dwars teen die boodskap dat beleving en uitleef van seksualiteit goed is, kom die boodskap dat onthouding goed is.



Hy wat trou doen geen sonde nie. Die een wat uitgee in die huwelik doen goed. Maar sonder om dit enigsins in spanning hiermee te bring, moet ons ook hoor dat hy wat in die huwelik *nie* uitgee nie, doen

*beter*. Die hoogste ideal wat ouers vir hul kinders kan voorhou, is nie die huwelik nie. Ons visier moet ingestel wees op die koninkryk van God en daarbinne mag en moet die huwelik en die gepaardgaande uitleef van die seksualiteit sy plek kry.

### **Liggame aan God geoffer**

Wanneer Calvyn 'n samevatting van die hele christelike lewe gee, dan doen hy dit met een woord : selfverloëning. Hy doen dit met spesifieke verwysing na Paulus se woorde in Romeine 12 : 1-2. Ons moet ons liggame te kan stel as lewende, heilige en God-welgevalige offers.

Ons behoort nie aan onself nie, maar aan die Here. Dit is belangrik om goed te verstaan in watter betekenis Paulus die offer van ons liggame hier gebruik. Sommer maklik kan die offer van ons liggame verstaan word, is dat 'n mens jouself iets ontsê vanuit 'n hoër edele motief of doel. Die offer van ons liggame word dan 'n asketiese motief waarmee die vroom mens met sy "edele" gees in die middelpunt te staan kom. Askeses wat 'n ontvlugting en myding is van die werklikheid wat God goed geskape het, laat egter geen reg geskied aan die roeping om ons liggame aan God te offer nie.

In Paulus se omgaan met die relativering van ons seksualiteit gaan dit nie om askese nie. Dit gaan oor 'n beoordeling van ons seksualiteit in die lig van die nabyheid van die koninkryk van die

hemele. Wat op die spel is, is die unieke plek wat Christus in ons lewens behoort in te neem. Ons word opgeroep om Christus se unieke plek te erken en ons lewens 'n totale oriëntasie te gee op Hom en sy koninkryk. Dit is in die lig van hierdie radikaal nuwe heroriëntasie op die koninkryk van Christus wat ons die uitspraak van Paulus in 1 Korinthiërs 7 : 1 verstaan moet word.

Vir Paulus gaan dit verseker nie net oor 'n relativering van ons seksualiteit nie. Ons moet ons hele menswees leer sien in die lig van die koms van die koninkryk van God. Wat nodig is, is 'n toewyding aan God wat selfs die uitlewing van bepaalde aspekte van ons menswees in 'n totale nuwe lig plaas. Met ons hele lewe, ingesluit ons seksualiteit, sal ons ons verbondenheid aan Christus in die radikaliteit daarvan moet verstaan.

Van die begin was die huwelik tussen man en vrou gestel in diens van die koninkryk van God. Die beleef en uitleef van seksualiteit kon nog nooit los van hierdie groot doel verstaan word nie. Onder die druk van die tydsgees het ons dit sekerlik al begin doen. Ons sal moet leer om ons seksualiteit en die beleving en uitleef daarvan te plaas binne die lig van die komende ryk van Christus. Alleen van daaruit sal ons 'n eie Christelike verstaan van seksualiteit weer kan laat gestalte kry in ons tyd. Daarvoor is radikale geloofsmoed nodig!

**Temas wat in die volgende maande in KOMPAS bespreek gaan word:**

**November/Desember 2006: Kerkhervorming  
Januarie 2007: Feminisme**



# SEKSUALITEIT IN DIE HUIDIGE AFRIKA-KONTEKS

Ds PG Boon

## TEMA: SEKSUALITEIT

Van ouds is Afrika in die oë van Europa gesien as die kontinent van ongetemde luste en drifte. Dat hierdie 'n ongenuanseerde beeld van die kontinent was, is duidelik as 'n mens sien hoe seksualiteit in die tradisionele Afrika-kulture beslis gereguleer is met wette en bepalings. Dit wil egter nie sê dat hierdie bepalings dieselfde was as dié wat ons in die Bybel vind insake die seksuele nie. En hoewel die Bybelse visie op seksualiteit vir eeue 'n dominante invloed op Europa gehad het, sal dit ook nie korrek wees om die tradisionele Europese visie op seksualiteit outomaties te vereenselwig met Christelik nie.

In hierdie artikel beperk ek my tot Suid-Afrika, hoewel daar beslis makro-ooreenkomste onder volke in Afrika suid van die ewenaar, ook ten aansien van die onderwerp seksualiteit, bestaan.

Die prentjie wat betref die tradisionele benadering tot seksualiteit in Afrika laat vir ons inderdaad 'n hele aantal reëls en bepalings sien. Die verskil tussen die Bybelse benadering tot seksualiteit en dié in tradisionele Afrika-kulture is dus nie dat daar totale wetteloosheid in Afrika geheers het ten aansien van die seksuele nie. Die wette en bepalings was egter anders as in die Bybel. So was (en is) poligamie 'n normale en aanvaarde verskynsel in die Afrika-konteks. Poligamie beteken egter nie outomaties losbandigheid nie. In die Bybel kom ons ook poligamie teë. Tog is dit duidelik dat die Here, al het Hy geduld met skeefgegroeide gewoontes op seksuele gebied

gehad, dit nie as 'n normale verskynsel aanvaar het nie. Deur die eeue heen sien ons dan ook dat poligamie stadig maar seker uitgeroei is onder God se volk. Waar Dawid en Salomo nog rustig daaraan deelgeneem het (ondanks God se waarskuwings), sien ons dat in die dae van Jesus poligamie so goed as nie meer voorgekom het onder die volk Israel nie.

Kyk ons egter na die huidige situasie in Suid-Afrika, dan lyk die prentjie totaal anders. Waar die tradisionele kulture in Suid-Afrika duidelikheid geskep het met wette en bepalings (al was dit nie altyd goeie bepalings nie), word die land op die oomblik geteister deur die afwesigheid van duidelike kaders wat betref die seksuele.



Die ou tradisionele lewenswyse het sy invloed, met name in die stedelike gebiede, totaal verloor. Ons sit dus nou in 'n oorgangsfase. En vir almal is dit 'n spannende vraag waarheen die oorgang sal lei. Sal dit lei na die aanvaarding van 'n grotendeels Christelike visie op seksualiteit, of tot 'n sekulêr Westerse? Want, om 'n voorbeeld te noem, die algemeen Westerse benadering van seksualiteit (soos dit byvoorbeeld deur die media

uitgedra word) is lankal nie meer monogaam nie. Monogaam in die sin dat seksualiteit slegs beoefen word in die konteks van 'n lewenslange huwelik tussen 'n man en 'n vrou. En so raak Suid-Afrikaners 'danksy' die media al hoe meer gewoond aan los seks, getroud of ongetroud. En die sepies oor egskedings, owerspel en driehoeksverhoudings blêr amper heeldag op die televisiestelle, of dit nou in huise in Pretoria, Mamelodi of Soshanguve, Kaapstad of Khayelitsha, Belhar of Bellville is. In dié verband kan daar oor 'n kultuur-sekwensiële poligamie in die Weste gepraat word. Gedurende 'n man se lewe sal hy waarskynlik met verskillende vroue getroud wees of 'n seksuele verhouding hê, en omgekeerd. 'n Huwelik of verhouding duur slegs 'n aantal jare, waarna dit beëindig word en 'n nuwe een aangegaan word. So wys statistieke uit dat in 'n Westerse land soos Nederland die gemiddelde persoon gedurende sy/haar lewe seksuele kontak het met sewe ander persone. Kyk ons egter na Suid-Afrika, lyk die prentjie veel meer kommerwekkend. Hoewel representatiewe statistieke moeiliker beskikbaar is, wys die prognoses na 'n aantal van meer as twintig verskillende persone waarmee die gemiddelde Suid-Afrikaner seksuele kontak gedurende sy/haar lewe het. Hierdie – kom ons noem dit maar by die naam – losbandigheid kan vir 'n groot deel toegeskryf word aan die oorgangsfase waarin die land verkeer. Ou tradisies het hul seggingskrag verloor, terwyl nuwe waardes en norme nog omarm moet word. Die werklikheid wys uit dat Suid-Afrikaners nie die vloedgolf van

sekularisasie, wat op die oomblik met name deur middel van die media oor ons spoel, die hoof kan bied nie. In hierdie verband is dit glad nie toevallig dat ons die hoogste MIV/vigs-insidensie ter wêreld het nie. Net in 2005 het meer as driehonderdduisend mense in Suid-Afrika aan vigs gesterf!

Wat is ons taak as Christene in hierdie opsig? Dit voel dikwels of ons hande afgekap is om enigiets aan die situasie te verander. Mense (lank nie almal nie) kom een of twee keer per week vir ongeveer 'n uur kerk toe, maar tuis is die televisie vir twaalf ure of meer per dag aan. Het Christene nog enige kans om invloed uit te oefen in Sodom en Gomorra, of moet ons maar soos Lot vlug, om te ontsnap aan God se oordeel? Ons mag beseef dat deur die eeue dit nie die getalle was wat die deurslag gegee het nie, maar die wil van die Here. God kan ook 'n minderheid gebruik om die gety te keer. Laat ons oopstaan vir wat God van ons verwag. En so lank God nie 'n duidelike teken gee nie, soos by Lot die geval was, laat ons trou ons taak verrig, en self 'n soutende sout probeer wees, ook wat betref die seksuele kant van die lewe. In hierdie verband sal ek graag nog enkele dinge na vore wil bring – uit die rykdom van God se Woord – om vir ons die koers aan te dui wat betref hierdie onderwerp.

### **2 Korinthiërs 6:16 : *Want julle is die tempel van die lewende God.***

Die tempel was in die Ou Testament die pragtige gebou waarin God onder sy volk gewoon het. Hierdie gebou moes deur die priesters silwerskoon gehou word. Dan dink ons nie net aan stof nie, maar veral aan dit wat God die meeste haat: sonde. Daarom dat geen mens die tempel mog binnegaan nie. Slegs die priesters mog daar diens doen, eers nadat hulle hulself ritueel gereinig het. As Paulus in sy brief die Korinthiërs 'n tempel van die lewende God noem, is dit slegs moontlik danksy Chris-

tus se offer, wat die sonde uit ons lewens wegneem. Dit is 'n byna ongelooflike voorreg dat ons tempels van die lewende God genoem word. In die verse daarna trek Paulus vervolgens die konsekwensie. As ons 'n tempel van die Heilige Gees is, kan ons nie terselfdertyd voortgaan met 'n sondige lewensstyl nie. Christus en Belial kan nie in dieselfde tempel woon nie. “Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie”. Wat betref die onderwerp van hierdie artikel is dit duidelik dat dit nie anders kan nie as dat 'n Christelike lewenstyl op seksuele gebied onderskeidend sal wees in die huidige Suid-Afrika.

### **2 Korinthiërs 6:14 : *Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie.***

Paulus skryf dit aan die Korinthiërs in verband met gemengde huwelike. Wanneer 'n boer 'n os en 'n kalf inspan onder dieselfde juk, kan hy maar vergeet om reguit vore te trek. So ook 'n kerklidmaat wat die kans vat om met iemand uit te gaan en te trou van buite die kerk. Hierdie onderwerp is in die verlede miskien oorbeklemtoon onder Vrye Gereformeerdes, maar in die huidige Suid-Afrikaanse konteks met al die kulturele verskuiwings wat gaande is, kan dit moeilik oorbeklemtoon word. Dit geld vir sowel die sendingsgemeentes as die gevestigde gemeentes.

### **Genesis 1:27 : *Man en vrou het Hy hulle geskape.***

Onmiddellik ná die weergawe van die skepping van hemel en aarde, onderrig die Skrif ons oor die skepping van die huwelik. Hoe God man en vrou geskape het, asook die wedersydse aantrekkingskrag tot mekaar. Hoe God man en vrou aan mekaar verbind het tot 'n lewenslange eenheid. Hierdie skeppingsgegewe lê aan die basis van alles wat die Skrif ons verder openbaar oor die seksuele kant van ons bestaan. Huwelik en seksuali-

teit is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Een van die hoofredes waarom God die huwelik ontwerp het as 'n lewenslange eenheid, is omdat Hy dit as die enigste wettige plek gereserveer het vir seksuele omgang. En omdat Hy seksuele omgang geskep het as die metode tot voortplanting (dit geld ook vir die 21<sup>ste</sup> eeu met al sy voorbehoedmiddels), waarborg Hy so dat kinders slegs gebore word in die veilige omgewing van die huwelik, waar hulle deur 'n pa en 'n ma in liefde ontvang en opgevoed word. Hierdie Bybelse bepaling is van onskatbare waarde, veral in die Suid-Afrikaanse konteks waar so baie kinders moet opgroeï sonder om te weet wie hulle pa is.

### **Exodus 22:16-17 : *God beskerm die seksuele kant van die bestaan.***

In hierdie teks lees ons oor die bruidskat (in sommige Suid-Afrikaanse kulture die *lobola* genoem). Die oorspronklike bedoeling van die bruidskat was om die vader te kompenseer vir die verlies van sy dogter. In die sin naamlik, dat waar sy dogter tot voor haar troue op sy landerye gewerk het, sy na die troue vir haar man begin werk het. Die vader het dus 'n arbeidskrag verloor, waarvoor die bruidskat in 'n mate gekompenseer het. 'n Nuwe-effek van die bruidskat is dat 'n jong paartjie beseef het dat troue nie perdekoop is nie. Die tradisie van die *lobola* sal ons as Christene in die toekoms krities onder die loep moet neem. Dit is nie by voorbaat verkeerd nie, maar watter nut dien dit vandag, in 'n konteks waar die dogters nie meer op hulle pa's se landerye werk nie? Intendeel, as die dogter deesdae die huis verlaat, beteken dit eerder dat daar 'n persoon minder is om te voed. Ongelukkig wys die werklikheid uit dat die *lobola* deesdae nie werklik die heiligheid en gewigtigheid van die huwelik bevorder nie. Dit kan ook 'n teenoorgestelde uitwerking hê, wanneer vaders die bruidsprys so hoog maak dat die skoonseun jare daarvoor moet werk. In plaas



daarvan dat hulle vroeër in die huwelik kan tree, kom hulle in hierdie periode van geld spaar in die versoeking om vooruit te gryp op die huwelik in seksuele opsig. Exodus 22:16-17 skenk veral hieraan aandag. As 'n paartjie met mekaar "bed toe gegaan het" voor hul troudag, bepaal hierdie Bybelteks dat hulle verplig is om te trou (ongeag of 'n baba op pad is of nie).

Maar in die geval dat die pa van die meisie beslis weier om sy dogter aan daardie man/seun te gee, moet laasgenoemde in elk geval die bruidsprys betaal. In hierdie geval geld dit as 'n boete. In Deuteronomium 22 word die bedrag van die boete ook genoem. In vandag se terme kom dit neer op die totaal van vyf jaar se salaris van 'n arbeider. Beslis nie 'n geringe bedrag nie!

Let wel, slegs die ouers het hier 'n vetoreg, om te bepaal dat die huwelik nie deurgaang nie. Die paartjie self het nie. Hulle moet die gevolge van hul optrede dra. Uit hierdie teks kan ons aflei dat dit vir God erns is dat die seksuele kant van ons bestaan beskerm en gereserveer word vir slegs binne die kaders van die huwelik.



## FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: [folmerboek@telkomsa.net](mailto:folmerboek@telkomsa.net)

Posbus 2453, Sanlamhof 7532

- **De Bruyn, P J: Kuisheid voor die huwelik**

Die skrywer begin die boek as volg: "As daar verklaar word dat ons vandag in en rondom die seksuele lewe van die mens te doen kry met gruwelike sondes en skandalige uitspattighede van banale en ontugtige lewens, dan word daar werklik nie iets nuuts gesê nie. In dagblaaië, tydskrifte en films word dit in duidelike letters en sprekende foto's gedurig aan ons voorgehou". Die boek wat hier aangebied word, wil nie slegs 'n *protes* wees teen genoemde sondes op seksuele gebied nie – in besonder die voor die huwelik – maar dit is ook bedoel om *leiding* te gee aan persone vir wie daar onduidelikheid in hierdie verband is en hulle so te help

om die regte keuse te maak. Die boek is gerig aan die jeug van die Christelike kerk by wie daar deur die geloof 'n band met God is. "Die regverdige (gelowige) sal uit die geloof lewe" (Rom 1:17). "Dit impliseer dat my geloof en die wil van God ook my seksuele lewe moet bepaal." (118 bladsye – R 25)

- **Nel, Pieter e a: Bybel en seksualiteit**

Hierdie publikasie bevat 'n reeks lesings gehou op 'n simposium (2002) aangebied deur die dosente van die Teologiese Skool van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. "Mense praat al hoe meer openlik oor seksualiteit en die beleving daarvan. Vrae oor homoseksualiteit hoor 'n mens oral. Hoe belangrik is dit juis dan om weer vanuit God se Woord as die rigtingwyser vir ons lewe die regte pad te vind en te stap". (58 bladsye – R 20)

- **Kwakkel, G e a: Wonderlijk gewoon. Profeten en profetie in het Oude Testament**

Hierdie boek is die derde in die TU-Bezinningsreeks van die Teologiese Universiteit (Broederweg) Kampen. Hierdie publikasie werp van verskeie kante lig op die profete van die Ou Testament. Wat is 'n profesie? Hoe het die profete te werk gegaan en wat is die blywende waarde van hulle profesieë? Is daar enige buitebybelse parallele? Die optredes van profete soos Moses, Elia, Jesaja, Azarja ens. word van nader bekyk. (192 bladsye – R161)

- **De Bruyn, P J: Jou enigste troos. Die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens.**

'n Uitgebreide uiteensetting van die Heidelbergse Kategismus. Uitgegee deur die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in SA (1997) (409 bladsye – R 105)

Folmer Boekhandel (Pretoria)  
(Irene van der Meer)  
Laseandralaan 115  
0186 Môregloed  
Tel/Faks: (012) 333 8064  
e-pos: [freekvdm@mweb.co.za](mailto:freekvdm@mweb.co.za)  
Posbus 26489  
0031 Gezina

# INTERNETSEKS

TEMA: SEKSUALITEIT

**Onderstaande artikel is 'n vertaling van *Webcamseks*, uit: *Nader Bekeken*, vol 13 (7/8), Jul/Aug 2006. Soortgelyke berigte lees ons in koerante in SA en daar is (was?) selfs radio advertensies van ons nasionale radiostasie die SABC oor "flirt". Daarom is dit nuttig dat ons kennis neem van hierdie saak en ons kinders daarvoor waarsku (red.).**

*'Dit is 'n nuwe gier. Almal doen dit! Van jong tieners tot pensioenarisse: om voor die internet jou klere uit te trek en virtueel te "flirt". In die laaste tyd sien ons steeds meer berigte in koerante van hierdie en soortgelyke sedelose aktiwiteite. Seks in ruil vir 'n "breezer", "dokter-dokter speel" via MSN en die afneem van sekere aktiwiteite met selfone (met as doel om dit aan vriende by die skool te wys) is aan die orde van die dag.'* Dit is die kern van 'n bydrae deur Rogier Havelaar in die Nederlandse koerant *Centraal Weekblad* van 19 Mei 2006. "n Nuwe seksuele rewolusie", so het navorsers onlangs verwys na al die ontwikkelings wat plaasvind rondom veral die skimagtige, eiesoortige wêreld wat die internet in die laaste jare aan jonk en oud bied. Havelaar (voorsitter van 'n Christelike jeug-organisasie) het die volgende kommentaar hierop gelewer:

Onlangs het die organisasies *Netwerk* en *Nova* aandag bestee aan die sogenaamde 'M-generasie': die multimedia-generasie. Gesels op die internet, MSN, MMS en SMS is onskuldige woorde om hierdie verskynsel te beskryf. Agter hierdie woorde skuil egter 'n hele wêreld met sy eie gevare:


deur sekere webwerwe kom jongmense in kontak met mekaar oor onderwerpe wat vir hulle interessant is: uitgaan, kleredrag, maar veral seks. Die jeug het 'n eie kultuur waarvan die ouers niks verstaan nie. Slegs 'n paar jaar gelede het die meeste van die jeug maar hul eerste selfoon gekry. 'n Tyd toe veral van die ouer mense gewonder het hoe om bv 'n kompakskryf in 'n rekenaar te sit. Die tyd het egter vinnig verander, en selfs ouma's van 70, 80 jaar stuur flink boodskappe per SMS en e-pos.

Maar dit lyk asof ouers steeds nie veel verstaan van die jeugkultuur op die internet nie. Die polisie en internetverskaffers sien eers probleme wanneer jongmense onder die ouderdom van 18 jaar hul klere uittrek of mekaar uitdaag om dit te doen. Die probleem begin egter al voor dit. Dit kan reeds as 'n groot probleem beskou word wanneer jongmense 2 tot 4 uur per dag voor die rekenaar sit om met mekaar te klets. Verder is die tipe webwerwe – van hulle is narcisities gerig – 'n probleem.

Dit is ongesond dat jongmense tussen 12 en 25 jaar vir ure voor die rekenaar sit om te klets met 'n meisie of 'n seun wat 'n paar kilometer verder woon. Die persoonlike webwerwe bevat dikwels uitdagende foto's wat gerig is op blootstelling van individue met as doel die oes van komplimente.

Die oorsaak van die probleem is geleë in die feit dat jongmense dikwels eensaam is. Hulle verkeer in 'n identiteitskrisis, voel dat hul ouers of ander in hul omgewing hulle nie hoor nie en vlug daarom weg in die universele wêreld van

die internet. Op die internet is elkeen se lewe lekker en interessant, altans, so lyk dit. Ten slotte is dit natuurlik spannend om te kyk hoe ver die onbekende persoon aan die ander kant van die skerm waag om te gaan.



Dat daar 'n probleem is, sal niemand ontken nie. Dat die samelewing behep is met seks, word deur 'n aantal mense as oordrewe beskou. Dat die jeug dreig om die pad byster te raak, word al gesê vanaf die tyd van Plato. Die belangrike verskil met die hele geskiedenis voor die aanvang van die M-generasie is egter dat die jeug voorheen as 'n groep gefunksioneer het en dinge gedoen het soos toktokkie speel en ander redelik onskuldige katekwaad. Die M-generasie daarenteen is gerig op die eie ego. Wat dink mense van my? Wie trek vir my sy klere uit en vir wie sal ek dit doen? Die jeug doen nie meer dinge saam op straat nie, maar elkeen in sy eie slaapkamer met die gordyne toe en die deur gesluit.

Die anonimiteit rondom die internetgebruik moet verwyder word. Dit kan op drie vlakke

gebeur. In die eerste plek: plaas die rekenaar in die leefvertrek van die huis, nie in 'n donker hoekie of die kleinste kamertjie nie. As dit nie daar inpas nie, oorweeg 'n skootrekenaar, maar nie een wat draadloos is nie, anders gaan sit u kind steeds eenkant daarmee. In die tweede plek: privaatheid is goed, ook op die internet. Maar as dit duidelik word dat daar misbruik is, moet dit moontlik wees om in te gryp. Sorg daarvoor dat jy weet watter mense hul op bepaalde webwerwe bevind en

tree op teen ekstremiste (bv oumans wat jong meisies uitlok). In die derde plek sal dit goed wees as internetverskaffers, net soos met die telefoonrekening, maandeliks 'n oorsig van webwerwe wat besoek is, aan internetgebruikers kan stuur. Ouers sal dan swart op wit kan sien waar hul kinders ge"surf" het.

Maar om die anonimiteit rondom die internet te verwyder sal alleen nog nie die probleem oplos nie; dit neem nie die behoefte aan kompli-

mente, spanning en sensasie weg nie. Daardie behoefte en die soeke na erkenning is ongelukkig kenmerke van ons postmoderne, individualistiese samelewing en is daarom moeilik om te ondervang. Dit is dus 'n maatskaplike probleem wat nie sommer maklik opgelos word nie. Sonder om 'n beskuldigende vinger te wys: ouers, vra juis self af hoekom ook jul kinders hierdie behoeftes het. Dalk kan die probleem binne u eie mure opgelos word.

---

## DIE ANATOMIE VAN PORNOGRAFIE

Dawid Jordaan

### TEMA: SEKSUALITEIT

**Pornografie lyk na 'n oulike en ongevaarlike speletjie, maar as 'n mens daarmee begin, kan dit baie maklik 'n verslawing word, met ernstige gevolge. In hierdie artikel – weergawe van 'n lesing wat Dawid Jordaan onlangs in die VGK Pretoria gehou het – word die werkinge en gevolge van pornografie geanaliseer.**

Wat ons seks noem, is 'n deel van die dinamiese vloei van die lewe binne-in ons (die lewe wat God die Skepper in 'die modderman' ingeblaas het, Genesis 2:7). Die seksdrang is dus 'n natuurlike aptyt van die mens, wat God geskep het om die mens in staat te stel om die fokus van homself weg te draai en te rig op ander. Die doel is dat die mens se karakter en persoonlikheid voltooi en ontwikkel kan word binne die intimiteit van die verhouding met sy eie vrou. Dit hou die 'vure' aan die

brand en dryf hulle elke keer na mekaar toe.

Een van die belangrikste prosesse in ons lewe is om onself los te wikkkel uit ons eie klein donker tronk van selfgesentreerdheid waarin ons almal gebore word. Erich Fromm het gesê: *The deepest need of man is the need to overcome his seperateness, to leave the prison of his aloneness.* Ten opsigte van die huwelik is seks die teken van die huweliksverbond. *Sex was made for living and giving, not for lusting and getting.* Liefde word maklik tevrede gestel, omdat dit begeer om te gee ten koste van die self. Wellus daarenteen is onversadigbaar soos die hel. Wellus is perverse liefde.

#### **Onversadigbaar**

'n Vuur sal al die hout in 'n bos verteer en nog steeds nie versadig wees nie. Net so kan die seksdaad ook nie vervulling bring nie, tensy

dit plaasvind binne die emosionele intimiteit tussen twee mense van die teenoorgestelde geslag, wat in 'n huweliksverbond met mekaar staan en besig is om die vreugdevolle eenheid te bereik van saam ontdek wat dit is om liefde te gee en liefde te ontvang. Wanneer jy getroud is en jy 'lust' na jou vrou (wellus), sal jy nooit tevrede wees met haar nie, al doen sy ook wat. Jy sal haar uiteindelik behandel soos enige artikel wat jy besit, gekoop of geruil het.



Die Skepper-Vader het die mens toegerus met 'n kragtige funksie van sy siel, naamlik die verbeel-




ding. Dit is die ontwerplokaal van die brein. Soos al die funksies van ons siel, is ons verbeeldingsfunksie ook maar die teiken van die vyand van ons siele. Daarom moet ons 'drills' en dissipline in plek kry om ons teen die misbruik en besoedeling van ons verbeelding te vrywaar.

Die verkeerde gebruik van die verbeelding voorsien vir ons in skaduvorm 'n plaasvervanger vir deugde, suksesse, prestasies, inisiatiewe, ensovoorts, alles dinge wat buite in die ware lewe uitgespeel behoort te word. Ek kan byvoorbeeld in my verbeelding die hele tyd besig wees oor wat ek alles met my geld sal doen as ek eendag ryk is, maar ek kan intussen nie 'n brood op die tafel sit vir my gesin nie.

Om besig te wees met pornografie is ook 'n vorm van ontvlugting in verbeelding, 'n wêreld wat nie bestaan nie. 'n Man wat aan pornografie verslaaf is en 'n vrou wat aan romantiese novelles en sepies verslaaf is, sal vind dat hulle geen of min kapasiteit vir intimiteit het.

*Verbeeldingsontvlugting is 'n steler van intimiteit.*



Een van die mees destruktiewe wapens om ons verbeelding te besoedel, is pornografie. Pornografie is net rook en spieëls, het iemand gesê, maar daar is 'n angel in wat verwoes. Daar is niks anders wat 'n man se verbeelding so kan aangryp en insleep nie. Vir die kyker lyk alles baie

werklik en eg en dit lei gewoonlik tot kompulsiewe masturbasie wat op sy beurt weer lei tot skuldgevoelens. Die gevaar van kompulsiewe masturbasie lê daarin dat dit die gesonde kreatiewe seksdrang omswaai of weglei in 'n verkeerde rigting. Dit stuur die man terug in sy tronk van selfliefde waar hy 'n harem van denkbeeldige bruide aanhou. Die gevaar lê daarin dat die man begin lief raak vir sy tronk en uiteindelik nooit daaruit kan of wil ontsnap nie.

### **Denkbeeldig**

Vir so lank as wat hy hierdie denkbeeldige harem bedryf, veroorsaak dit dat hy nooit regtig sielsbande en ware intimiteit met 'n ware tasbare vrou kan bou nie. Hierdie harem is vier-en-twintig uur per dag beskikbaar, altyd gewillig, vra geen konsiderasie of opoffering nie, vra geen aanpassing nie, en bied erotiese en psigologiese aantrekking wat geen tasbare vrou ooit kan bied nie.

Tussen hierdie spookbruide word hy altyd bemin, is hy altyd die volmaakte minnaar. Geen eise word gestel aan sy selfsugtigheid nie, geen regstelling van sy ydelheid en selfgesentreerdheid nie. Aan die einde van die dag word hierdie spookbruide maar net 'n medium waardeur hy homself in 'n toenemende mate aanbid en bewonder en al hoe meer in homself krul en al hoe verder wegdryf van waarheid en die realiteit.

Pornografie verwing jou vermoë om te onderskei tussen wat waar en eg is of nie, omdat daar 'n fisiese respons is op wat die oog sien en wat die verstand optower. Wanneer 'n man se liggaam 'n ereksie en ejakulasie beleef as gevolg van fantasie, laat dit die pornografie nog meer werklik voorkom. Daar is selfs 'n chemiese respons in die brein wat die hele ervaring in sy geheue

inbrand. Die fisiese belewenis word 'n bewys van wat die verstand voortgebring het. Dit is egter nie net die verstand wat verward raak nie, maar ook die liggaam: Dit wat onwerklik is (die objek wat jou seksueel opwek bestaan uit papier en ink of dotjies op 'n glasskerm, wat geen vermoë het om jou fisies aan te raak nie), kom meer werklik voor as dit wat waar is (seksuele opwekking). *Ware misleiding het plaasgevind.* Die hele proses op sigself word 'n handeling van aanbidding wat afgodery en wellus tot gevolg het. Pornografie maak gebruik van leuens om mans sover te kry om vals konsepte te glo en te aanvaar. Ons weet dat die konsepte wat jy as waar aanvaar, jou beheer. *Een van die grootste leuens is dat jy ander persone kan gebruik vir seksuele bevrediging sonder dat dit nadelige gevolge vir jouself en jou gesin inhou.*

Pornografie leer die man dat sy vrou (of 'n vrou) slegs bestaan *om sy behoeftes te vervul*. Wanneer 'n man se verbeelding verwronge en boos geraak het, het dit ernstige implikasies vir sy huwelik. Hy is gebreinspoel en sy verbeelding het hom afgerig om 'n gebruiker te word. Dit word nou sy doelstelling om sy vrou te verander na die tipe vrou waarvoor hy fantaseer. Die implikasies vir die selfbeeld van die vrou is ernstig. Wanneer 'n vrou se man na haar kyk met verwronge oë, verwing dit haar vermoë om te weet wie sy is.

### **Gesin**

Die Skepper-Vader het die mens geskep, man en vrou na Sy beeld en gelykenis, en hulle 'n bepaalde taak gegee binne grense, om te bewaak, te bewerk en te reproduseer na hulle aard, net soos alle plante en diere ook dieselfde moes doen. Vir hierdie doel, naamlik om sy skeppingsopdrag uit te voer, het hy hulle man en vrou

gemaak met 'n seksuele dimensie wat nie net fisiese nie, maar ook emosionele intimiteit tot gevolg het. Hierdie intimiteit tussen 'n man en vrou is baie belangrik. Bogenoemde skep 'n kweekhuis-effek waar kinders geborge en gesond kan opgroei en sodoende minder vatbaar is vir die euwels van ons tyd.

Wanneer die mens in die wêreld kom, is hy van nature in homself gekeer. Ons kan dit maklik sien in 'n kind, omdat 'n opgroeiende kind die sentrum van sy eie heelal is. Die funksie van intimiteit is onder andere om die mens te help om na buite te keer, weg van homself af. Intimiteit in die huwelik is juis daarop gerig dat ek wegkyk van myself af en fokus op my maat. In die mate wat ek dit doen, doen ek eintlik myself 'n guns, omdat dit juis my maat

vervuld laat voel wat dit weer terug wil doen aan my.

Dr Lee Salk het tereg gesê: *The physical and psychological welfare of a child is largely a product of affectionate, demonstrative love received in infancy.* Volgens die skeppingsorde is die man 'n gewer en die vrou 'n ontvanger. Die man inisieer en die vrou volg. Daarom is dit natuurlik vir 'n man om te wil weet hoe dinge werk. Wanneer 'n seun in sy puberteit kom, is hy baie nuuskierig omtrent sy eie liggaamsveranderinge. Dis die tyd wanneer hy begin eksperimenteer en wanneer hy baie kwesbaar is, want dan word sy seksualiteit gevorm. *Dis die tyd wanneer hy sy seksmaniere leer.*

Die patrone wat in hierdie tyd gevestig word, bepaal sy toekoms-

tige seksuele gedrag. Dit neem jare van uiterste inspanning en dissipline om later die verkeerde patrone in 'n huweliksituasie reg te stel. In baie gevalle is dit egter nie moontlik nie en word net nog 'n geslag die slagoffer van hierdie "kanker" van ons samelewing.

Die tentakels van pornografie kry 'n diep greep op die siel van die mens. Pornografie sentreer in 'n basiese fisiese behoefte (naamlik seks), vleg in 'n basiese emosionele behoefte in (naamlik om in beheer te wil wees), en verweef met 'n basiese geestelike behoefte (naamlik intimiteit). Die ware self raak hopeloos verstrengel, totdat die slagoffer ingesluk is deur die oorweldigende mag van pornografie. Met God se hulp kan ons hiervoor bewaar bly of hieruit ontsnap.

---

## HOONGLIED

Ds CF Nicholson

### VENSTER OP DIE BYBEL

Die boek onder bespreking word toepaslik "Die Lied van Liedere" genoem. Dit staan in Afrikaans ook bekend as Hooglied, na aanleiding van 'n Duitse woord wat Luther vir hierdie boek gebruik het.

Daar is geen ander boek in die Bybel wat hiermee vergelyk kan word as dit kom by die onderwerp van die menslike liefde nie. Dit is 'n liefdeslied waarin die natuurlike liefde tussen 'n jongman en 'n jongvrou besing word en waarin ook hulle liggaamlike skoonheid uitgebeeld word. In digterlike taal word daar

gespreek oor hulle liefde en liefdesverlange. Met 'n besondere skoonheid en kragvolle styl word daar op 'n delikate wyse gebruik gemaak van beelde wat voorkom in die veld, die tuin, die dierelewe en die plantelewe (1:12-2:3; 4:12-5:1; 6:2,3; ens.). Die droomgedeeltes (3:1-5; 5:2-8) bevat 'n teervolle passie van die verlange van die jongvrou na haar beminde.

#### **Outeurskap**

Die probleem van die outeurskap, die doel en die literêre genre is baie nou met mekaar vervleg. Die titel: *Die Hooglied van Salomo*, kan beteken dat die lied geskryf is

deur Salomo of dat dit geskryf is oor hom. Die Hebreeus bevat albei verklaringsmoontlikhede.

Daar word deur sommige verklaarders verwys na die herderhipotese (sien later) en as daar vanuit hierdie interpretasie gewerk word, dan skakel dit die moontlikheid uit dat Salomo die skrywer kon wees. Tog maak dit alles geen verskil aan die waarde en betekenis van die boek deur al die geslagte heen nie.

#### **Interpretasie**

Drie belangrike verwante vrae is hier van belang. Wat is die boek se literêre genre? Wat is die doel

van die boek? Hoeveel karakters is betrokke by die verhaal? Die kompleksiteit van hierdie vrae maak dat daar nie dogmaties klinkklare antwoorde verskaf kan word nie.

Wanneer daar na die literêre aard van die boek gekyk word, dan het die erotiese aard van die boek verklaarders deur die eeue daartoe gebring om Hooglied te sien as 'n allegorie wat betrekking het op God se liefde vir die volk Israel of ook Christus se liefde vir die kerk. Daar is egter geen aanduiding in die boek self dat dit die allegoriese betekenis regverdig nie. Die allegoriese interpretasie loop die gevaar dat daar op allerhande wyses variasies in betekenis en toepassing gemaak kan word en derhalwe kan dit ook lei tot teenstrydighede.

Daarteenoor staan die letterlike interpretasie van die boek, waarin dit 'n lied is wat handel oor menslike liefde en seksualiteit. Dit is geskryf in die vorm van 'n reeks dramatiese gedigte met hierdie een deurlopende tema van die liefde.

Dit wil nie sê dat die boek nie illustratief gebruik kan word vir die verhouding tussen Christus en die gelowige kind van God nie, maar die gevaar by 'n allegoriese verstaan mag by die leser van die boek lei tot 'n erotiese verstaan van die persoonlike verhouding met Christus.

Wanneer daar na die doel van die boek gekyk word, dan is die natuurlike aard van die boek 'n uitgebreide dramatiese gedig en gedigte wat handel oor menslike liefde, en as sodanig is die doel om te wys op die korrektheid en die waarde van ware liefde tussen man en vrou in al sy fasette. God het in sy wysheid Hooglied laat opneem binne die Kanon van

Heilige Geskrifte om daarmee 'n volledige boek in te sluit wat eksklusief handel oor die uiters belangrike onderwerp van menslike seksualiteit.

Deur al die geslagte en eeue heen, tot met vandag, ly menslike seksualiteit onder misbruik, mishandeling, wangebruik en skending. Die Bybel, in sy lering, stel menslike liefde soos God dit met die skepping daargestel het. Die gedetailleerde beskrywing van die menslike liggaamlikheid weerspieël die leerstelling dat God alles goed geskape het en dat die mens hom nie vir sy naaktheid geskaam het nie (Gen. 2:25). Daarby het God ook aan die mens 'n hulp gegee wat by hom pas om hom te ondersteun, in alles by te staan en ook sodat die mens en sy vrou mekaar mag liefhê. Daarom sal die man sy ouerhuis verlaat en sy eie vrou neem om sodoende een vlees te word. Onder God se seën volg ook die opdrag om vrugbaar te wees en dit geskied vanuit die liefdesbeginsel en die Godgegewe seksualiteit wat daarmee gepaard gaan.



Wanneer daar gekyk word na die hele liefdesverhouding tussen man en vrou soos beskryf in die boek Hooglied, dan is dit nodig om vir 'n wyle stil te staan by die herderhipotese. Dit is die siening dat daar twee hooffigure in hierdie liefdesdrama is: 'n skaapwagter en 'n eenvoudige Joodse meisie (die Sulamitiese vrou). Tussen hulle twee bestaan daar 'n opregte,

suiwer liefde. Koning Salomo neem egter die jongmeisie vir sy harem. Hy probeer om haar liefde te wen deur die kunsmatige aanloklikhede van die paleis vir haar voor te hou. Hy is onsuksesvol om haar liefde te wen.

Hierdie hipotese word nie dogmaties deur alle verklaarders aanvaar nie. Maar daar word deur die voorstanders van hierdie interpretasie onder andere daarop gewys dat Salomo beswaarlik 'n goeie voorbeeld is van 'n ware, opregte een-tot-een-verhouding as dit by die liefde kom, veral in die lig van sy 700 vroue en 300 byvroue.

Daarby het sy verhouding met al sy vroue droewige gevolge ingehou vir die nasie (vgl 1 Kon 11). Verder was Salomo ook nie herder soos daar in hoofstuk 6 verse 2 en 3 na die herder verwys word nie.


Die herder-hipotese word ondersteun deur die verloop van die tema in die boek (2:7; 3:5; 8:4), waar dit duidelik is dat die liefde nie deur kunsmatighede opgewek of aangemoedig moet word voordat dit die liefde behaag nie. Opregte en suiwer liefde slaag daarin om die valse, sensuele lokmiddels en bekoorlikhede van hierdie wêreld die hoof te bied.

Die boek dien as 'n belangrike sensuur teenoor wellus, losbandigheid, ontrouheid en poligamie. Dit moedig 'n liefde aan wat eksklusief, meevoerend en omvattend is. Die hoogtepunt van so 'n liefde is dat dit onversadig is, so kragtig, selfs sterker as die dood, en dit is daarby onkoopbaar en ononderhandelbaar. Dit bevat 'n inherente krag wat soos 'n onblusbare vuur is. As die liefde oor jou pad kom, kan jy dit nie keer nie, net so min as wat jy die dood kan keer. Die boek bekragtig derhalwe die plek van die

liggaamlike liefde waar die seksualiteit van die mens tot sy volle wasdom kan kom binne 'n volwaardige legitieme verhouding.

So 'n ware verhouding maak God moontlik binne die huwelik. Dan kan die liefde soos 'n seëlring rondom jou nek gedra word. Dit kan warm teen jou hart klop. Jy kan dit ook om jou arm dra, sodat almal wat dit sien, betower kan word deur die skoonheid daarvan, begerig kan wees om ook self so iets te kan besit.

Hooglied verdien derhalwe, saam met die ander Heilige Geskrifte, 'n plek in die Kanon, want dit is die bewaarder van iets besonders wat ryklik deur God geseën is: die liefde. Hooglied rond die Kanon af, want God is gemoeid met al die fasette van ons lewens; ook ons seksualiteit.



Wanneer die boek illustratief gebruik word, word ons herinner aan die krag van Christus se liefde (8:7). Hy hoor die gebede van sy kerk (8:13). Hy ken die kerk se verlange om by Hom te wees (8:14). Hy bied die uitnodiging aan Sy kerk om in Sy teenwoordigheid te wees (2:13). Die boek mag ons ook tereg wys op ons lou liefde vir Christus wat soms baie oppervlakkig en nagemaak kan wees; soms vals, onrein; selfs besoedel met die sonde en begeerlikhede wat ons so maklik verstrik.

### **Indeling**

'n Moontlike indeling kan soos volg gesien word:

1:1 – 2:7 : Salomo ontmoet die jongmeisie in sy paleis.

2:8 – 3:5 : Die beminde se besoek en die jongmeisie se nagtelike soektog.

3:6 – 5:1 : Salomo se optog en liedere.

5:2 – 6:3 : Afstand verwyder, maar ware liefde bind.

6:4 – 8:4 : Die koning misluk in sy soeke na die liefde van die jongmeisie.

8:5 – 8:14 : Vereniging van die bemindes.

### **Betekenis en boodskap**

Die ryke betekenis van die boek is te vind in die eerlike, opregte en suiwere beskrywing en bedoeling van die boek, naamlik om die mens se seksualiteit die regmatige plek te gee wat dit toekom. Seks is deur God aan die mens gegee. Maar om dit tot sy ware reg te laat kom, het God die mens geskape as 'n man en 'n vrou. Hulle vul mekaar aan; fisies, maar ook emosioneel en geestelik. Die een kan nie sonder die ander nie, hulle het mekaar nodig. Geslagtelik verskil hulle, maar die verskil word juis aangevul in die opdrag om een te wees. As maats kom hulle tot hul reg binne die volwasse huwelik waarbinne die seksualiteit tot sy volle reg kan ontplooi. Hier het die een nie 'n reg (dalk Salomo se probleem) op die ander nie, maar wel 'n voorreg. Om mekaar tydens die hofmakery en liefdesdaad te verken, is 'n voorreg. God skenk dit. Daarom is seks ook genotvol, want so het God dit gewil.

Juis vanweë die genot en vervulling daarvan is dit ook iets wat kragsadig inwerk op die sintuie van die mens. Daarby is die

liggaamlikheid en die geslagsorgane sodanig dat dit maklik aangewakker kan word. Daarom is Hooglied ook 'n boek wat waarsku teen die vroegtydige aanwakker van die seksualiteit. Vandag word seksualiteit deur vele eksponente uitgebuit en openlik bemark om sodoende nie net die genot aan te wakker nie, maar ook om dit daadwerklik te bevredig. Dit is egter soos 'n vuur en ernstige, blywende emosionele en geestelike wonde kan opgedoen word as elke mens nie opreg, eerlik en voor God daarmee omgaan nie.

Hooglied het vir vandag se tyd, waar die seksualiteit van die mens en die huwelik by name, van alle kante ondergrawe word, 'n baie sterk boodskap. Maar wat wel waar is, is dat baie mense vandag hulle rug op God se Woord gedraai het. Paulus waarsku ons in 1 Thessalonisense 4:1-7 om heilig te lewe, saam met een vrou, nie in hartstogtelike begeertes soos die heidene nie, want ons is nie geroep tot onreinheid nie, maar tot heiligmaking.

As gelowiges mag ons God dank vir die boek Hooglied. Ons mag God dank vir al die goeie gawes wat Hy aan ons in Christus elke dag so ryklik skenk. Hierdie gawes sluit die liefde in, liefde vir God en jou medemens, maar ook sluit dit die liggaamlike liefde tussen man en vrou in.

Daarom, mans, wees lief vir julle vroue; en vroue, geniet julle mans. Vir die jongmense, moenie die liefde vroegtydig aanwakker nie, en ont-hou: "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord." (Ps 119:9).

# Eggenotes praat oor seksualiteit

Tineke van Alten

## BOEKBESPREKING

Ons leef vandag in 'n samelewing waar seksualiteit gerig is op die mens en sy plesier. As dit vandag nie lekker is met die een (bed)maat nie, dan is dit geen probleem om plesier by 'n ander te soek nie. Die opwinding duur voort....

Hierteenoor het Gerry Velema-Drent haar boek "Echtgenoten" geskryf. In haar boek soek die skryfster na die dieper betekenis van seks. Hierdie soektog doen sy vanuit God se Woord, en nie volgens die norm van die wêreld van vandag nie. Enkele vrae wat aan die orde kom, is: Wat is die oorsprong van seks? Wat is seks? Hoekom doen dit iets met ons? Wat wil God hierin vir ons sê? Het seks vanuit 'n Bybelse perspektief meer betekenis as slegs ter wille van voortplanting?

As jong getroude maak dit jou soms benoud wanneer mense, wat 'n "gelukkige" gesin en huwelik gehad het, na 15 of 30 jaar besluit dat hul weë tog gaan skei. Dit maak jong getroudes verward, en vanselfsprekend kom die vraag op: kan jy dan tog uitgekyk en moeg raak vir mekaar? Gerry Velema-Drent verwoord dit baie treffend in haar boek deur te sê dat, as jy eerlik wil weet hoe dit met jou huwelik staan, jy na die stand van jou sekslewe moet kyk. Seksualiteit is immers 'n belangrike kommunikasiemiddel wat God in die huwelik gegee het.

Ter illustrasie maak Velema-Drent gebruik van 'n modelgesin, waar Peter en Ida, as man en vrou, die hoofrolspelers is. Peter en Ida het 3 kinders en is al amper 12 jaar

getroud. In die boek word hulle gekonfronteer met allerlei situasies rondom seksualiteit.

Aan die hand van hierdie situasies bespreek die skryfster op 'n spontane wyse vrae soos: Wat is ons eie seksuele vaardighede? Wat weet ons oor orgasme? Watter waarde het seksuele onthouding in die huwelik? Mag getroudes alles doen wat vir hulle saam lekker is? Is selfbevrediging in die huwelik verkeerd? Is daar wapens teen pornografie?



Vanuit die Skrif probeer Velema-Drent hierdie vrae beantwoord en op so 'n manier 'n duideliker beeld rondom seksualiteit kry. Toegegee, die beelde wat geskets word, is soms behoorlik oop, en die skryfster is beslis nie bang om alles tot in die klein puntjies te beskou nie. Tog is dit belangrik om vanuit 'n Bybelse oogpunt openlik na seksualiteit te kyk. Veral omdat, soos hierbo reeds gesê, ons daagliks gebombardeer word met 'n wêreldse en vrye

siening rondom seksualiteit. Waar dit in die verlede taboe was om oor seksualiteit te praat, vind ons vandag die tendens dat daar geen skaamte rondom seksualiteit is nie. Die skryfster wys dat Christene vanuit die Skrif óók openlik oor hierdie onderwerp kan wees.

Die doel is dat Christelike egpare hierdie boek saam sal lees en vervolgens as man en vrou daarvoor sal praat. Dit is geskik vir sowel pasgetroudes as "ou" getroudes, aangesien seks nooit iets is wat ons besit nie, maar altyd 'n misterie bly wat weer ontdek mag word. En dan kan ons as eggenote ook sê dat ons "echtgenoten" het (werklik geniet het) van mekaar soos God dit aan ons gee.

Gerry Velema-Drent (1956) is langer as 25 jaar getroud. Sy en haar man het 4 kinders en 3 kleinkinders. In 1997 het sy 'n boekie vir Christelike jongmense geskryf, getiteld "Save Seks". In 2001 het "Seksualiteit en mense met een verstandelike beperking" gevolg. Sy is bekend as kinderboekskryfster, en is ook nou betrokke by hulpverlening onder prostitute vanuit "Het Scharlaken Koord".

N.a.v.: Gerry Velema-Drent, *Echtgenoten. Praten over seksualiteit*. Uitgeverij Kok, 2005; 207 bladsye

Genoemde boek kan ook bestel word by Folmer Boekhandel. (sien advertensie elders – red.)




# Seksualiteit en die jong kind (1)

Heleen Snyder

## OPVOEDING EN ONDERWYS

Vir dié wat hierdie artikel nader trek om te lees, sal seksuele opvoeding sekerlik herinnerings oproep. Laat dit jou glimlag as jy aan jou ouers se “geheime sending” terugdink? Of was die “opleiding” op die gebied van seksualiteit maar vaag en onbeduidend? Of was dit deur middel van ‘n boek oor wat seuns en meisies moet weet? Onthou jy nog die wedersydse liefde en respek wat daar tussen jou ouers was? Hoe ook al, vir elke ouer wag die taak om seksuele opvoeding te gee aan elkeen van hulle kinders. Gewis nie eenvoudig nie. Dit is en bly ‘n privaat onderwerp, wat agter toe deure plaasvind. Dis ook reg so, in teenstelling met die wêreldse media wat hierdie onderwerp so oop en bloot projekteer.

In hierdie artikel word gefokus op die kind in die kleuter- en laerskooljare. Die tyd voordat die kind seksueel begin ontwikkel.



### **Onskuld van die kind**

Om onskuldig te wees op seksuele gebied is om naïef te wees. Nie bewus wees waarom dit gaan nie, en daarom ook nie wonder of vrae vra nie. Kinders is van nature naïef, veral oor seksualiteit. Totdat hulle blootgestel word. Daar is nie ‘n vinniger manier om

die kind van sy kinderlike naïwiteit te ontnem as deur onnodige vroeë seksuele voorligting nie!

### **Doel van seksuele opvoeding**

Die doel van seksuele opvoeding aan die kind in sy jong jare is nie om hulle te leer wat en hoe om veilige seks te hê nie. Dit is om die kind te leer om beheer te hê oor sy/haar seksuele gevoelens en die besef te kweek dat liefde tussen man en vrou net in ‘n huwelik volledig kan word. Ons moet die feite van die lewe aan ons kinders kommunikeer sonder dat hul seksuele onskuld verlore gaan.

Kinders moet geleer word om hul seksuele impulse te kontroleer. Seksuele impulse moet nie die kind beheer nie. Hulle mag nie slawe van hulle eie gevoelens word nie.

### **Wie se taak is dit?**

#### • **Ouers**

Ouers is twee mense, man en vrou, wat saam een is. Hulle vul mekaar aan. Nie net in hulle doen en late nie, maar ook liggaamlik. God word die beste verteenwoordig in beide die man en vrou, as ‘n eenheid in die huwelik. God het man en vrou verskillend geskape, maar tog só dat hulle ‘n eenheid vorm. ‘n Binding van twee mense in die huwelik.

Seksuele opvoeding is die taak van die ouer. Dit is beter om ouers op te lei om hulle kinders voor te berei, as om die taak van die ouer oor te neem. **Dié** mense wat toegang het tot die hart van die kind is die **ouers** van die kind. Net ‘n ouer kan vir sy jong kind waardesisteme voorleef, totdat

meer detail in die tienerjare nodig word. ‘n Ouer ken sy kind die beste en weet van die eerste onskuldige vrae van sy jong kleuter tot die meer intense vrae van dieselfde kind in sy tienerjare. Seksuele opvoeding in die gesin is nie ‘n “aparte” onderwerp nie. Dis van kleins af deel van die kind se opvoeding. Deel van die kind se lewe. Die wyse waarop ouers in liefde met mekaar omgaan, as man en vrou, is ‘n baie belangrike riglyn vir die kind. Die kind moet gelei word om ‘n eie morele waardesisteam te ontwikkel.

### **Blootstelling aan seksuele/eksplisiete inligting in die media moet nie ‘n dryfveer vir ouers wees om hulle kinders voor te lig nie.**

Probeer so ver moontlik voorkom dat die kind aan perverse/verdraaide seksuele inligting blootgestel word. Die media werk hard daaraan om kinders te beïnvloed. Kinders kan ‘n onskuldige storie op TV volg wat dan onderbreek word deur advertensies met ‘n seksuele ondertoon. Koerante en tydskrifte gaan ook so te werk. Selfs ‘n gewone goeie handerom kan deesdae baie sensueel aangebied word. Dit prikkel die verbeelding van die onskuldige kind. Hierdie blootstelling moet beperk word. Dit maak die ouer se taak baie moeilik. In die wêreld is daar nie meer reg en verkeerd nie.

Ouers moet probeer om hulle kinders te beskerm teen seksuele inligting op ‘n jong ouderdom. Hoe minder hulle weet, hoe beter.

Vir die kind moet die ouers **se voorbeeld** sy verwysingsraamwerk wees.

Ouers se suiwer voorleef van morele waardes is vir die kind 'n onbewuste leerskool. So leer die jong kind aanvaarbare/onaanvaarbare morele denke. Ouers se taalgebruik, boeke wat hulle lees, TV-programme wat hulle kyk, grappe wat hulle vertel, ingesteldheid en gedrag teenoor mense van die teenoorgestelde geslag, respek vir sy/haar eie liggaam, naaktheid voor ander in die huis, vorm die raamwerk vir die kind se morele waardesisteen.

Dit is 'n sirkel wat aanhou en aanhou. Voorleef en voorleer van ouers aan kinders, sodat die kinders weer in hulle huwelike kan voorleef en voorleer.

#### • Skool

Die vak Lewensoriëntering op skool word reeds op laerskoolvlak lekker swaar gelaai met alle nodige inligting en gepaardgaande illustrasies oor seks. Die regering gaan van die standpunt uit dat genoegsame seksuele opvoeding op skool die kind beskerm. Hoe beter ingelig die kind oor hierdie onderwerp is, hoe veiliger vir hom wanneer hy/sy daarmee gekonfronteer word. Dit is beslis nie die regte uitgangspunt nie en ook nie die skool se taak nie! Ouers moet morele waardes voorleef en deurvertel.

#### • Wêreld

Die moraliteit in die wêreld gaan meer en meer agteruit. Dit veroorsaak dat kinders al vroeër vra voordat ouers dit nodig geag het om hulle kinders hieroor in te lig. Hierdie blootstelling aan die media maak seksuele opvoeding aan die kind moeiliker, omdat:

- die kind alreeds baie inligting deur die media of by maats kan kry wat redelik vulgêr en

op die man af deurgegee word;

- hierdie inligting ook nog in die fynste besonderhede onder mekaar bespreek word; en
- die woordeskat wat kinders aanleer, vreesaanjaend klink.

#### *Hoe doen 'n mens dit dan?*

##### • Respek

Kinders moet van kleins af leer om respek te hê vir hulle eie liggame en ook om die liggaam goed te versorg. Dit is 'n tempel van God wat nie onnodig seerge-maak of misbruik mag word nie. Daar mag ook nie mee gespeel word nie. As 'n kind respek het vir sy eie liggaam, groei respek en liefde vir ander, en sal hy ook, wanneer dit daarop aankom, respek toon teenoor sy naaste, meer so sy naaste van die teenoorgestelde geslag.

Die kind moet ook leer hoe om respek te betoon vir 'n ander se privaatheid. Klop voor jy 'n ander se kamer betree, of die toilet of badkamer wil gebruik. Dit is nie net goeie maniere en 'n goeie gewoonte nie, maar 'n teken van respek vir ander se privaatheid.



#### *Hoe vertel 'n mens jou kinders die basiese dinge van seks?*

##### Direkte manier

Die direkte manier is die onvoorbereide manier, waar die kind op een slag ingelig word oor alles rondom seksualiteit. Die ouers het nog geen aanvoerk gedoen nie, nooit daarvoor gepraat of daarna verwys nie. Behalwe vir

die voorbeeld wat hulle aan hul kinders gestel het, was daar geen verwysing na enige seksuele sake nie. Hierdie is nie die beste manier nie, hoewel dit soms die enigste uitweg is wanneer die kind reggehelp moet word nadat hy/sy ingelig is voordat pa en ma die kans gehad het.

##### Indirekte manier

Dit is om van jongs af aan saam met die kind aan seksuele opvoeding aandag te gee. Dit vorm deel van die morele waardesisteen wat die kind moet ontwikkel. Respek vir sy liggaam en selfdissipline.

#### *Is daar 'n maklike manier?*

##### Blommetjies en bytjies

Die neutrale manier is maar die maklikste manier. Dit is die "blommetjies en bytjies"-manier waarna daar nogal dikwels grappenderwys verwys word. Die blom word die neutrale objek en nie die kind of die ouers se liggaam nie.

Verskillende stadiums:

- **Informasie-stadium:** Vanaf ongeveer drie of vier jaar oud kan met die kind gesels word oor die skepping van God. Hoe Hy alles wonderlik en goed geskape het. Van alles wat leef het God twee gemaak, 'n mannetjie en 'n wyfie. Ook die mens is twee, man en vrou. Adam en Eva het kinders gekry en hulle kinders het kinders gekry en so het die aarde vol mense geword. So het dit ook gegaan met die diere op die aarde en al die bome en blomme. Die blom se voortplanting word 'n neutrale voorwerp wat as illustrasie kan dien. Die manlike en vroulike deel van die blom en die saad wat groei is al wat hulle hoef te weet.
- **Nuuskierige stadium:** Dit begin vanaf ongeveer sesjarige

ouderdom. Dan sal die kind begin wonder **hoekom** die baba in mamma se maag is? Verduidelik hoe die blom se saad sy verloop neem. Vrae soos hoe die baba gaan uitkom, sal volg. Gebruik dan die blom se voortplantingsproses om te verduidelik. Antwoord net die vrae, moenie meer sê as wat die kind vra nie. Dit wat hy nie vra nie, wil hy nie weet nie.

- **Vergelykende/betreklike stadium:** Die kind het teen hierdie tyd moontlik al gesien hoe ‘n babatjie of -hondjie gebore word, en sal begin wonder hoe die baba in mamma se maag beland het. Hierdie vrae is nie so ouderdomsgebonde nie. Sommige kinders ontwikkel vinnig en sal gouer wil weet. Ander sal vra omdat hulle dalk êrens iets gelees of gehoor het. Die ouers moet egter in hierdie

fase reaktief wees en net die kind wat vra, inlig. Die blom se verloop is nog steeds die fokuspunt, maar daar word nou vergelykings gemaak met diere en selfs verwys na pappa en mamma wat saam is.

In die opvolgartikel word verwys na naaktheid, ouderdom, seksuele speletjies, taalgebruik en ander sake oor seksualiteit.

---

## WORD VERVUL MET DIE GEES (II)

Ds P Niemeyer

### LEER EN LEWE

#### *Wees vervul of word vervul*

In Efesiërs 5 staan: *word* vervul. In die Bybel kan daar ook sprake wees van mense wat met God se Gees vervul *is*. Dit is blykbaar nie die maatstaf nie, want ook in die Nuwe Testament word dit net van sekere mense gesê. Bv van die sewe persone in Handeling 6 wat geroep is om die versorging van hulpbehoewende gemeentelid te reël (vers 3), en dan veral van Stefanus (vers 5). En dit word gesê van iemand soos Barnabas, die vriend van Paulus (Hand 11:24). In al hierdie gevalle gaan dit oor mense wat gesoek word vir ‘n bepaalde taak en wat duidelik die nodige gawes daarvoor het. Nie maar net toevallig nie, maar dit loop soos ‘n rooi draad deur hul lewe (bv Paulus: 1 Kor 15:10; 2 Petr 3:15). Maar, soos reeds gesê, in Efesiërs 5 gaan dit nie om die opdrag om vol te *wees* nie, maar om met die Heilige Gees vervul te *word*. Wat dit inhou, kan weereens die beste weergegee word deur eers te verduidelik wat dit *nie* is nie. Daar is mense wat al die nadruk plaas op die woord “vervul”. Hulle

bestempel dit as tipies Nuwe-Testamenties van die Heilige Gees: dat hy vanaf Pinkster die gelowiges “vervul”. In die ou verbond het Hy net af en toe gelowiges aangegryp vir bepaalde take, maar in die Pinkster-bedeling “vervul” Hy hulle. Daar word dan verwys na Handeling 2, waar staan dat die dissipels van Christus met Pinkster almal *vervul* is met die Heilige Gees (vers 4). Al gou verander dan die *vol* wees van iets – ofte wel: “entoesiasme” en “besieling” – in *die* kenmerk van die vervulling met die Heilige Gees.

Tog moet ons versigtig wees om die verskil tussen die ou bedeling en die Pinkster-bedeling daarin te sien. In die eerste plek is nie elke “vol wees” sonder meer en vanselfsprekend positief nie. Die Bybel praat ook van vol wees van en entoesiasies wees oor verkeerde of oppervlakkige dinge. Daar moet altyd beproef word of die volheid uit God is: is ek vol van die Gees of van iets anders? In Efesiërs 5 wys Paulus op die alkohol waarvan jy vol en onder die invloed kan wees: moenie

dronk word van wyn nie, *maar* word met die Géés vervul. Maar ook die “vervul met die Gees” is nie tipies van die Nuwe Testament nie. Ook in die Ou Testament lees ons van mense wat met die Gees van God vervul was: Besáleël, wat die tempel moes ontwerp, was vervul met die Gees van God (Ex 31:3); Josua, die opvolger van Moses, was vol van die Gees van wysheid (Deut 34:9); die rigter Gideon is vervul met die Gees van die HERE in sy stryd teen Midian en Amalek (Rigt 6:34); die Gees het Amásai, een van Dawid se helde, vervul (1 Kron 12:18), asook Sagaria, die seun van die priester Jójada, om te profeteer (2 Kron 24:20). Dit is dus nie iets wat tipies is van die Nuwe Testament nie: vervul word met die Gees van die HERE!

Opvallend in Handeling 2 is dan ook nie die vervul word met die Heilige Gees nie, maar die feit dat *almal* vervul is met die Heilige Gees. Dít is wat nuut is van Pinkster. *Almal* is vervul met die Heilige Gees en het begin praat van

die groot dade van God en begin profeteer: oues en jonges, selfs slawe en slavinne.

Nog 'n opvatting wat afgewys moet word, is dat "vervul word met die Gees" sou beteken dat 'n steeds groter deel van die Heilige Gees in ons sou kom woon of dat sy woning in ons aangevul sou word. Asof Hy eers net gedeeltelik in ons sou woon en stadigaan steeds meer aangevul sou word. Dit kan natuurlik nie. Die Gees is 'n Persoon en nie 'n substansie wat jy eers "gedeeltelik" en later "meer" en nog later dalk "volledig" sou kon ontvang nie (vgl L Floor in sy kommentaar op Ef 5:18). Jy het die Gees ontvang of jy het Hom nie ontvang nie! By vervul word met die Heilige Gees gaan dit dan ook nie daarom dat jy van buite met die Gees volgegooi word nie. Die Gees is nie veraf nie, maar naby: in ons mond en in ons hart (vgl Rom 10:8).


Dit gaan vir Paulus om die Gees wat in ons woon en wat ons *van binne-uit* wil vul. Wat Hom nie in 'n klein hoekie laat wegdruk nie, maar wat ons heeltemal in besit wil neem. Die agtergrond van die oproep "word vervul met die Gees" is nie dat daar iets aan die Gees en aan sy inwoning in ons sou ontbreek nie, maar dat *ons* Hom nie die ruimte gee wat Hom toekom nie. Dat ons te vol is van ander dinge en Hom toesluit in 'n klein hoekie van ons lewens. "Word vervul met die Gees" beteken: laat Hom toe om voluit in jou te werk.

### **Vir konkrete diens**

Word vervul met die Gees. Dit is opvallend dat dit by Paulus nie 'n los en alleenstaande uitspraak is waarop 'n mens bv 'n dogmatiese leerstuk oor "die vervulling met die Gees" sou kon baseer nie. Die oproep staan in 'n heel konkrete verband. Wandel soos 'n wyse. Probeer verstaan wat die wil van die Here is. Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar "word met die Gees vervul".

Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere. Dank God die Vader altyd vir alles en wees aan mekaar onderdanig (Ef 5:15-21).

Die oproep om met die Gees vervul te word, staan in die raamwerk van die oproep tot 'n nuwe en heilige *lewe*. Dit is waaroor dit in Efesiërs 5 gaan. En met die oog dáárop moet ons ons laat vervul met die Gees. Daarom is tereg daarop gewys dat dit by die "vervul word met die Gees" gaan oor die bron waaruit ons nuwe lewe moet voortkom. *Hy* moet ons die krag daartoe gee. *Hy* moet dit aan ons leer en ons sover bring. En dis nie net in Efesiërs 5 so nie. Dit val in die Skrif telkens weer op.



As iemand met die Gees vervul word, dan is dit altyd met die oog op 'n spesifieke aktiwiteit of opdrag wat hy gaan uitvoer. Johannes die Doper was vervul met die Heilige Gees om die volk voor te berei op die koms van die Christus (Luk 1:15-17). Sagaria is vervul met die heilige Gees om sy lofsang voor te dra (Luk 1:67). Elisabet is vervul met die Gees om Maria, die moeder van haar Here, te begroet (Luk 1:41,42). Op Pinksterdag is die dissipels vervul met die Gees en het begin praat in ander tale (Hand 2:4). Die dissipels in Jerusalem is vervul met die Heilige gees en het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek (Hand 4:31). Die sewe diakens, onder wie Stefanus, was vol van die Gees met die oog op hul taak in die gemeente (Hand 6:3).

Paulus is vervul met die Gees vir sy taak om die Evangelie van Christus te preek (Hand 9:15-17). En so was dit ook reeds in die Ou Testament. Besáleël en Josua en Gideon en Amásai en Sagaria is vervul met die Heilige Gees om hul spesifieke take namens God te verrig. Die "vervul word met die Gees" staan nooit *alleen* nie, maar altyd *in samehang* met 'n konkrete diens wat die Here iemand laat verrig.

So is dit ook in Efesiërs 5. Die Efesiërs moenie vreugde put uit alkohol of uit watter wêreldse genietinge dan ook al nie. Maar hulle moet deur die Heilige Gees aangespoor word tot sang en dankgebede en 'n lewe vol van respek vir mekaar. Om vervul te word met die Gees is nie die hoogste doel nie. Dit dien 'n ander doel. Dit staan in die raamwerk van die toerusting tot 'n bevel wat ons van die Here ontvang. Tot 'n spesiale diens aan Hom.

Dit gaan vir die apostel om die vreugde en dank waartoe ons geroep is. Gerigte dank en vreugde: gerig tot *God om Hom* groot te maak. Nie 'n "uit jou vel spring" nie, nie 'n uitlewing van jouself nie, nie 'n saamwieg op wysies uit die wêreld van alkohol en dwelms nie, maar lofprysing tot eer van God. En dan ook wáre lofprysing en wáre vreugde. Geen jammerklagte of suur gesigte nie. Moenie "praat oor" psalms en gesange nie, maar "spreek *me!*" psalms en lofsange en geestelike liedere. Moenie sing in naam van 'n vroom gemoed nie, maar sing "in die Naam van ons Here Jesus Christus".

Dit is nie iets doodgewoons wat jy sommer self kan doen, uit eie krag, nie. Dit is nie iets wat vanself gebeur nie. Dit kan ook nie met 'n verdeelde hart nie. Jy kan dit alleen in Christus doen. En jy het inderdaad die Heilige Gees daarvoor nodig. Hy moet jou vervul om dit te kan doen. Jy moet aan Hom die ruimte gee. Moet Hom nie bedroef

of uitblus nie. Moenie jou hart volmaak met dinge wat in sy pad staan nie. Maar jy moet Hom toelaat om jou vol te maak. Dit beteken: doen weg met die las van die sonde wat jou dwars sit, wees gerig op die wil van die Here. Laat die Heilige Gees tot jou spreek. Luister na die Woord waarmee Hy kom. En bowenal: bid daarvoor om met Hom vervul te word. Bid om 'n hart wat verenig is tot die vrees van God se Naam (Ps 86:11).

Hoe kan die Gees jou vervul as jy nie bid nie? As jy bewus die sonde laat bly? Doen weg met alle oppervlakkigheid, alle gemaksgedrag, alle vanselfsprekendheid. Dit kom daarop neer dat jy jou steeds weer laat vervul met die Gees. En met niks of niemand minder nie! Ware blydschap in God, 'n houding van diensbaarheid, 'n heilige lewe – dit is nie maar net gewone dinge nie. Maar dit is vrugte van die Gees, waarmee jy vervul moet word. Van 'n onverdeelde hart.

### **Bevel en belofte**

Paulus gee 'n bevel aan ons: word vervul met die Gees! Ons beskou 'n bevel dikwels as iets wat “moet” en wat nie “lekker” is nie. Maar hierdie bevel is 'n geskenk! Daar is al gesê: hoe kan ons nou *beveel* word om met die Gees vervul te word? Dit kán ons tog glad nie doen nie: om met die Gees vervul te word. Dit moet die Gees tog self doen, of die Here?!

Tog skryf die apostel dit so: word vervul met die Gees! Maar Paulus weet dat dit die Here is wat ons met sy Gees moet vervul. Daarom skryf hy: *word* vervul met die Gees! Dit dui daarop dat God sy Gees en die werking van sy Gees aan ons almal belooft het. Aan ons almal. Ja, nie langer aan 'n enkeling nie, maar aan ons almal. Soos dit ook in Handeling 2 staan: en hulle is *almal* vervul met die Heilige Gees. Die Here sou nie aan ons opgedra het om ons te laat vervul met die Heilige Gees as Hy hierdie ver-

vulling nie ook aan ons toegesê het nie. As hy sy Gees nie aan ons belooft het nie. En as ons ons nie daarop mog beroep nie!

Dit is wonderlik: om van die Here self die opdrag te ontvang om jou te laat vervul met die Heilige Gees! Dit beteken dat hy sy Gees wil gee. En dat Hy ons so deur sy Gees wil laat vul dat ons gaan doen wat Hy aan ons opdra. En dit geld vir elkeen wat glo! Dit is die rykdom wat Christus vir ons verdien het. Hy wat die Gees in al sy volheid besit (Jes 11:2) en Hom met Pinkster uitgestort het oor almal wat in Hom glo (Hand 2:33). Die Here wil aan ons die nodige krag gee om te lewe in sy diens en om te doen wat Hom behaag. Nie op die manier van: ons een keer laat vervul en dan is dit goed genoeg nie. Nee, maar langs die weg van: jou telkens weer laat vervul met die Gees.

*Hoe* doen 'n mens dit: om jou te laat vervul met die Gees? Nie deur jou vrye tyd te vul met sport, seks en flik nie. Maar deur daarna te streef om die wil van die Here te verstaan (Ef 5:17): biddend, lesend, mediterend. Deur telkens weer, voordat jy iets gaan doen, te reik na God se belofte. Deur die Here te vra om sy Gees. Deur uit sy Woord te wil hoor wat die Here van ons vra. Dan belooft die Here om ons te vervul met sy Gees. En dan kom hierdie vervulling aan die lig. Nie in glansryke dinge nie. Maar wel in dinge wat ons uit onself onmoontlik kan doen en daarom besonders is: om te sing, te dank, om die minste te wil wees. Uit hierdie heel “gewone” dinge blyk die oormag en die volheid van die Gees! Laat niemand dit onderskat nie! Of minag nie! Dit is vrugte van die Gees.

### **Die krag van die Gees**

En dan is daar nog iets. Word vervul met die Gees, skryf Paulus. Maar hoeveel dinge is daar nie by ons wat in die pad daarvan staan of wat dit onmoontlik blyk te maak nie. Hoe kan ons soms daarna

hunker om God se wil van harte te doen, maar telkens weer voel hoedat ons faal. Juis dan is dit belangrik om te weet dat die Here aan ons opdra – én ons dus belooft – dat Hy ons wil vervul met sy Gees. Sy Gees. Dus nie maar net menslike krag of vroomheid wat inderdaad nie staande kan bly teen sonde, duiwel en ongeloof nie. Maar sy Gees wat dooies lewend maak en wat krag het, soos by die skepping geblyk het: uit niks is 'n wêreld geskep (Ef 2:1-10; DL IV,12)! Hy maak ons tot mense wat anders is as hulle wat Christus nie ken nie (Ef 4:20). Dit gee moed. Van ons kant af gaan dit gepaard met val en opstaan. Maar die Gees is magtig. Hy bring tot stand wat vir ons onmoontlik gelyk het. Hy laat ons dinge doen wat ons uit onself nie kan doen nie en wat ook nie vanself gebeur nie.

Word vervul met die Gees. In Efesiërs 5 staan dit teenoor die dronk word van wyn. Hierdie drinkery bring jou nêrens nie. Jy drink tot jy dronk is, en wat oorbly, is bedwelmdheid en naarheid. Dit lewer nie iets positiefs of blywends op nie. Maar om vervul te word met die Gees, dit lei tot iets. Dit bring blydschap en lofprysing. Jy praat en sing oor die groot dade van God. En jy leer om klein en diensbaar te wees. In die gemeente sowel as in die samelewing.

Ja, ook in die samelewing. Want die werking van die Gees is nie beperk tot die kerk nie. Sy werk straal uit na buite toe. En die dag sal kom dat die Gees die hemel en die aarde sal vervul met wysheid en vrede, met reg en met kennis van die Here. Dan sal Christus alle dinge tot volheid bring, en hemel en aarde sal vervul wees met die heerlijkheid van ons God (Jes 11:6-10). Dan sal Hy alles in almal wees!

Vertaling van: **Wordt vervuld met de Geest** deur P Niemeijer; Uit: **Nader Bekeken**, jaargang 10(10), Oktober 2003.



# KERK, GESIN EN SKOOL (OF NIE)

Herman van der Linden

## SKOOLSAKE

**Kinders moet as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word, en die ouers is verplig om hulle kinders, namate hulle groter word, hieroor breedvoeriger te onderrig. En dan later in die doopsformulier belowe die ouers dan ook dat dit hulle voorneme is om hierdie kind, as hy tot sy verstand gekom het, die leer van die Ou en Nuwe Testament na hulle vermoë te onderrig of te laat onderrig.**

Hierdie onderrig begin by die ouerhuis. Die kind leer van die liefde van God in Jesus Christus. In alle eenvoud en totale oorgawe vertrou die kind dat Jesus leef en hom liefhet. Van die begin af is hy by sy naam genoem: “Jy is Myne.”

Later, as die kind oud genoeg is, mag hy saam kerk toe gaan en die erediens bywoon. In die begin is hulle die onervarenes wat geoefen moet word volgens die eis van God se weg, sodat hulle daarvan nie afwyk as hulle oud is nie (Spr 22:6). Van die begin af word hulle in die Christelike Kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei, om geheel en al sy eiendom te wees en sy merk en vaandel te dra (HK Sondag 27, NGB art 34).

Intussen bereik die kind skoolgaande ouderdom. Die ouers moet ‘n keuse uitoeven waar hulle kind sal skoolgaan. In die artikel “Skool en Geloofs-opvoeding” (wat in die Augustus-uitgawe van KOMPAS verskyn het), skryf prof J van Bruggen oor twee groepe ouers. Aan die een kant kies ouers

‘n skool waarvan verwag word dat gesin en skool absoluut geïntegreer is wat betref geloofsoortuiging en –gedrag. Aan die ander kant word ‘n skool gekies sonder inagneming van die Christelike karakter. Inteendeel, akademie en ander skoolaktiwiteite is die kriteria, geloofsonderrig en –lewe sal binne die gesin uitwerking kry.


Is die tweede groep ouers verkeerd? Moet die verhouding tussen gesin, kerk en skool so ‘n digte driehoek wees dat niks kan deurdring nie? Kan ouers binne die verbondsopdrag, wat hulle by die kinderdoop ontvang en beaam het, aangespreek word indien hulle kinders skoolgaan by ‘n nie-Christelike skool omdat hulle die verantwoordelikheid van geloofsopvoeding tuis wil behartig en invul? Ek as ouer is tog verantwoordelik vir die opvoeding van my kind, en as ek dit self wil en kan behartig, maak skoolkeuse dan saak?

Die vraag wat eintlik hier gevra word, is of die doopbelofte uitwerking moet kry in die tipe skool waar my kind onderwys ontvang. Die belofte van God aan ons en ons kinders, en die belofte van ouers aan hul Vader in die hemel.

### **Die verbond**

Die Woord getuig dat die kinders van gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is. Daarom moet godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat

God in hul jeug uit hierdie lewe wegneem nie. So bely ons in die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 1, par 17. God se verkiesing is so groot dat ook jong gestorwe kinders daarby ingesluit word. Sulke kinders het dus nie tot die leeftyd gekom waarop hulle kon getuig van God se genade of hulle geloof kon bely nie. Tog kan hulle salig word. Weer eens duidelik dat God se verkiesing alleen uit vrye genade is, want elke voorwaarde van ons kant is by jong gestorwenes uitgesluit en onmoontlik.



Daarom behoort hulle gedoop te word sodat hulle onderskei kan word van kinders van ongelowige ouers. Deur die doop word nie bevestig dat kinders ‘n aanwesige geloof het nie, maar dit is ‘n seël van die egtheid van God se belofte aan kinders.

Raak ons nog verwonderd daarvoor? Wanneer ouers hierdie onmeetbare liefde van God se liefde sien, wil ons dan onverskillig daarmee omgaan?

**Eienaar en uitgewer:****Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)  
BJ Kamphuis  
A Bron (sekretaris)  
Tel. (012) 332-0943  
E-pos (Stigting):  
berendkamphuis@telkomsa.net

**Drukker:**

Printburo  
Tel. (012) 335-9134

**Redaksie:**

Greet de Vries  
Hans Moes  
Petro Hofsink  
Juil Douma

**Redaksieadres:**

e-pos: jdouma@absamail.co.za  
Saxenburgsingel 14  
Oakglen  
Bellville 7530  
Tel. (021) 919-5176

**Nederland:**

Mev. H van de Weide  
Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

**Administrasie:**

Mev. G van der Meulen  
Posbus 31195  
Waverley 0135  
Tel. (012) 332-3639

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820

**Vermeld asb.  
u Naam & Lidnr**

**Intekengelde (per jaar):**

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	€10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	€30
	Lugpos	€40

Ja, Hy het ons uitverkies, Hy het ons kinders opgesoek om aan ons én hulle die belofte van die afwassing van sondes deur Jesus Christus te betuig en te verseël. Die Vader sluit met ons 'n ewige genadeverbond en neem ons aan tot sy kinders en erfgename. Hy wil ons versorg met alle goeie dinge en ons afweer van alle kwaad. Ook die Heilige Gees verseker aan ons dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig.

Dié belofte van God aan ons kinders leer dat hierdie verkiesing ook verantwoordelikheid by die ouers oplê. Dan begeer ouers in alles en altyd om God se Naam teverheerlik. Ons wil Hom telkens opnuut gehoorsaam. Dan kan ons net uitroep: "Die HERE is groot en baie lofwaardig, en sy grootheid is ondeurgrondelik."

**Verbondsonderwys**


Ja, dit is alles waar en ons glo dit met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte. Maar wat maak hierdie verbond so belangrik vir skoolonderrig?

By die doop van hul kinders bely ouers dat hulle instem met die leer van die Ou en Nuwe Testament, wat in die Artikels van die Christelike geloof saamgevat is. In Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus staan onder andere dat daar gesorg moet word vir die instandhouding van die skole. Die Here wil onlosmaaklik deel van ons lewe wees. En wat mooier as dat ons kinders die verwondering van God se verkiesing **ook** kan smaak tydens die onderrig op 'n gereformeerde skool.

Wat onderskei 'n Christelike skool van nie-Christelike skole? J van Bruggen merk tereg op dat kinders op sulke skole opgebou moet word met ware Christelike kennis. Slegs as kinders met diepgaande

Skrifkennis toegerus is, sal hulle staande kan bly in die geloofstryd.

Dit is meer as net sekulêre kurrikulums oordek met 'n Christelike sous. Christelike skole het die opdrag om die subtiele wyse waarop die gees van ons tyd neerslag vind in hedendaagse kurrikulums, die nek te breek. Humanisme vind uiting in die verheffing van sporthelde en tegnologiese vernuf. Deur middel van seleksie-temas word godsdienste, kulture en ideologieë nie teenoor mekaar nie, maar langs mekaar gestel. Daar moet een algemene wêreldgodsdienst en – kultuur gevestig word waarin die kind groei tot 'n wêreldburger met universeel-sosialistiese waardes en oortuigings en dit sodanig uitlewe. Menseregte en selfverwesenliking staan sentraal. God word nie meer verheerlik nie.



Dit word vandag al hoe makliker om 'n Christelike skoolkeuse te motiveer deur 'n prent te skilder van onchristelike skole met wêreldlike uitgangspunte, verwronge Godsbeeld, verhewe mensbeeld en kindvisie, en onskriftuurlike leerinhoude. Maar dan is ons vertrekpunt van skoolkeuse bekrompe en selfgesentreerd. Begin nie by wat is nie, maar by wat God aan ons belowe en dus van ons vra. Is die driehoek gesin, kerk en skool dan hermeties geslote? Nee, maar ons is wel besig, na die beste van ons vermoë, met die beoefening van ons daaglikse geloofsopvoeding van ons kinders as ons in ons huis sit, as ons op pad is, as ons gaan lê en as ons opstaan.